Vrydag 14 April
Skrifgedeelte: Markus 15:33-41 (1983-vertaling)
Fokusgedeelte: Hebreërs 13:11-14

Jesus het buitekant die stadspoort gely

Wat beteken dit dat Jesus *buite die stadspoort* van Jerusalem gely het? Die Ou Testament is die sleutel om dit te verstaan. Die priester moes, as hy versoening vir die sondes van die volk doen, 'n "sondebok" offer (Lev. 16:27). Dit is die soenoffer op die groot Versoendag genoem.

Buitekant die laer/kampplek was die plek van onreinheid. Teen hierdie agtergrond verstaan ons waarom Jesus buite die poort gely het. Dit is waar die vervloekte hoort wat die straf op die sonde dra – in eensaamheid, buite die gemeenskapskring, buite die stad, buite die tempel. Ergste, buite die hemel.

Buite die poort is die plek van die hobo's, kwaaddoeners en moordenaars. Daar waar die afval en pensmis deur vuur verbrand word; buite die beskawing en fatsoenlikheid, buite die gemeenskapskring – daar rig die Here God 'n nuwe bedeling op en verrys die *Nuwe Jerusalem* met ewige fondamente.

Die dieper sin hiervan vir die praktyk van ons aanbidding en geloofslewe is dat ons na Jesus Christus moet deurdring. Die Hebreërskrywer roep ons ook op met die woorde: *"Laat ons dan nou uitgaan na Hom toe buitekant die laer en die smaad dra wat Hy gedra het"* (Heb. 13:14). Wees 'n *"eksodus-mens"*. Trek weg uit die ongehoorsame gestaltes van 'n sondige lewe.

Laat ons uitgaan na Jesus, Middelaar en Priester wat Homself laat offer het vir die sondaars om só die verlorenes wat buite in eensaamheid is, weer in te bring in die ordekring en genadekring van God die Vader.

Sing: Skrifberyming 5-3:2, 4, 5

Dr. PW (Pieter) Bingle (Emeritus)